

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
3 Junie 1973

Onderwerp: Vernuwning in beleving van verlossing
Pinksterdiens

Lees: Jesaja 53 verse 1 tot 12

Teks: Jesaja 53 vers 5
Jesaja 43 vers 25

Sing: Psalm 33 vers 1
Gesang 118 vers 4

“Broers en Susters, daar is baie lidmate vir wie die begrip van verlossing onbekend is. En die rede is, omdat hulle Jesus Christus nog nooit as hulle persoonlike Saligmaker leer ken het nie.

“Dit is ontstellend waar dat daar gelowiges is wat eenmaal die gloed van ’n eerste liefde geken het, maar hierdie eerste liefde verlaat het en in die mag van sonde geval het. Daar is hoeveel gelowiges wat nie meer na die verlossingskrag van Jesus Christus lewe nie. Hulle het nie hulle geloof algeheel verloor nie, maar hulle het in slawerny verval. Hulle roep soms wanhopig uit: ‘Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?’ (Rom 7:24)

“Maar die dankgebed van bevryding: ‘Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!’ (Rom 7:25) ken hulle nie.

“Die verlose moet inderdaad soos ’n verlose lyk, weens die ware vrede wat God se verlossing bring. Daarmee saam kom die geestelike krag, die vrug en oordedingskrag van ons getuie in die wêreld.

“Die geseënde waarheid is, dat wie die Here Jesus ontmoet het en met sy hele hart aanhang, ’n verlose is wat die verlossing voortdurend in volle mate ondervind. Verlossing beteken eerstens kwytstelling van sondeskuld deur God, die soewereine Heerser oor sy skepping.

“Die mens is in ’n besondere sin aan God onderworpe. Hy is aan God verskuldig om Hom met oorgegewe hart lief te hê; en om van Hom te getuig; en om in gehoorsaamheid die sonde te ontvlug en te oorwin.

“Ons het egter nie alleen die gesag van God oor ons lewens verwerp nie, maar oortree God se geboorte met

gedagtes, woorde en werke. Ons het Hom nie lief met ons hele hart en met ons hele siel en ons hele verstand nie; en ook nie ons medemens soos onself nie. Ons het Hom ons liefde, ons gehoorsaamheid en ons diens ontsê. As gevolg hiervan verkeer ons in diepe skuld voor God.

“Broers en Susters, laat ons in ons drang om vernuwing vir die kerk en onself, ons lewe aan God se maatstaf toets en aan God se oordeel onderwerp. Bedink die versuim; die vleeslike begeertes; die oneerlike dade; die besoedelde gedagtes; die biddeloosheid; en die verloëning van God se Naam. Noem maar op. Dit is ’n berg van ophopende skuld. En hoe eerliker ons onself ondersoek, hoe swaarder word die skuldgevoel.

“Probeer uself sien soos God se Woord u beoordeel en bedink watter bestaansreg u in eie meriete voor God het. Maar bedink dan ook dat God gesê het: ‘Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy ... my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hý sal hulle skuld dra.’ (Jes 53:11)

“Jesus Christus het vir ons sondes gely: ‘Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring ...’ (1 Petr 3:18)

“Jesus Christus se verlossing beteken dat ons vrygemaak is van die mag van die sonde: ‘... deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.’ (Jes 53:5)

“As ons tot bekering geroep word, tot ’n besliste keuse en daad, dan verseker God ons dat Hy deur Jesus Christus die mag van die sonde, wat ons bind, verbreek het en die smet wat ons aankleef verwyder het.

“Dit is een ding om te sê dat Jesus Christus ons skuld op Hom geneem het, maar as ons dit nog nie aanvaar het nie, is die mag van die sonde nog nie gebreek nie; en word ons lewens nie gekenmerk as dié van vrygemaaktes en oorwinnaars nie. En juis omdat mense verkeerdelik die vergifnis vir hulle misdade begeer, sonder om in gemeenskap met Jesus Christus ’n oorwinnende lewe te lei, is hulle lewe sonder krag, blydschap of oortuigende getuienis.

“Broers en Susters, Jesus Christus kan en wil die heerskappy van sonde in ons verbreek. En wie Hom met sy hele hart aanhang en Hom toelaat om sy hele wese te besit en te vervul, het daarmee inderdaad die oorwinning deur die Oorwinnaar oor die mag van die sonde ontvang: ‘As die Seun julle dan vrygemaak het,

sal julle waarlik vry wees.’ (Joh 8:36) Hierdie vrymaking is geen ydele belofte nie. Dit is ’n werklikheid.

“Hoe is dit moontlik, vra mense terwyl hulle na hulself en die talle mislukte pogings van die verlede kyk?

“Maar wie Jesus Christus sonder voorbehoud aanhang, weet en ondervind hoe moontlik en hoe werklik die verlossing van die mag van die sonde is.

“Verlossing in Jesus Christus beteken ook om vrygemaak te wees van sondestraf: ‘... die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.’ (Jes 53:5)

“Hierdie versekering is nie bedoel om valse gerustheid by ons te skep nie, maar wel dat ons God met ’n gereinigde gewete en blymoedige dankbaarheid dien.

“Wie werklik daarop vertrou dat die bloed van Jesus Christus reinig van alle sonde, het oorgegaan vanuit die dood na die lewe en sal nie in die oordeel kom nie: ‘... die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.’ (1 Joh 1:7) ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.’ (Joh 5:24)

“Gelowiges wat só vrygekoop is, kan nie anders as om hartsvernuwing te openbaar in die vrug van die Gees nie: ‘Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.’ (Gal 5:22) Al nege hierdie vrugte van die Gees moet by die ware gelowige teenwoordig wees. Nie een mag ontbreek nie.

“Hoe armoedig sien baie se geestelike lewe nie daar uit nie? Jesus Christus wil ons nie as bedelaars sien nie, maar as Koningskinders.

“Is ons dankbaar genoeg dat God ons verlos het van die verderf; en dat ons in Christus Jesus die ewige lewe het? Is dit nie die vaagheid of afwesigheid van hierdie besef wat ons in die heiligmaking kortwiek nie en ons van die blydschap van die Here berowe nie?

“As daar een ding is wat heiligmaking bevorder en die besef van ons kindskap van God lewend hou, is dit opregte en voortdurende dankbaarheid: ‘... die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.’ (Jes 53:5)

“Ons hoef nooit weer te vrees nie.

“Amen.